

Maandag 17 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 16:25-40 (1983-vertaling)	Fokusgedeelte: Handeling 16:32, 33
---	---

Die Heilige Gees werk geloof in ons deur die prediking en versterk dit deur die sakramente

Wat moet ek doen om te kan glo? In Sondag 25 van die Heidelbergse Kategismus bely ons: *“Dit is die Heilige Gees wat die geloof in ons harte wek deur die prediking van die Woord en die Heilige Gees versterk ons geloof deur die gebruik van die heilige sakramente.”*

In ons Skrifgedeelte sien ons dat dit die wyse is waarop God ook aan die tronkbewaarder en sy huisgesin die geloof skenk. Ons fokusvers sê: *“Hulle het toe die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huis verkondig.”* God het Paulus en Silas gebruik om die heidene tot geloof te bring. Soos God hulle gebruik het, so gebruik Hy ook vandag sy kerk en die prediking om ongelowiges tot geloof te bring.

Maar geloof is ook iets wat moet groei. Behalwe sy Woord, gebruik God nog die sakramente as ’n middel om ons geloof te versterk. Die Woord en sakramente bring ons by die offer van Jesus Christus aan die kruis. Ons sien dit ook by die tronkbewaarder en sy huisgesin. Nadat hulle die Woord aangehoor het en deur die Heilige Gees tot geloof gekom het, lees ons in vers 33: *“Hy en al sy mense is daar en dan gedoop.”* Omdat God die geloof in Jesus Christus in hulle harte gewerk het, kon dit versterk word deur die sakrament van die doop. So kon God se beloftes aan hulle sigbaar voorgestel word om hulle geloof te versterk, en kon hulle deur die doop die blydschap beleef om in God se verbondsvolk ingelyf te word.

Gebruik die middele wat God daargestel het om jou geloof te voed en te versterk. As jy net af en toe die Woord van die Here hoor, dan belemmer jy die werking van die Heilige Gees in jou lewe. As jy onverskillig is in die gebruik van God se sakramente, dan sal jou geloof nie groei nie. Mag jou doop juis vir jou ’n aansporing wees om daagliks te wil groei in die geloof.

Sing: Skrifberyming 8-1:1

Ds. MAF Kruger (Andries) (Alberton)